SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 06-Mar-2005
Topic: 25
Ref No: 1308
1
ID: 03188854-01
Source Page: 6

# Die verhaal van twee kampusse – een wit, die ander swart

## Maar daar is 'n uitweg uit die dilemma

**In die naweë van die laaste tyd se studenteonluste bied JONATHAN JANSEN se gevallestudie van die Universiteit van Pretoria se transformasie-ervaring 'n beeld van die soort probleme waarmee veral histories Afrikaanse universiteite te doen kan kry.**

'N Eeu gelede – in 1934 – is 'n "naturel", soos swart mense toe genoem is, se aansoek om aan die Universiteit van Pretoria te studeer deur die senaat geweier.

In 1948 het 'n senaatskomitee die stigting voorgestel van 'n "Bantoe-universiteitskollege" onder beskerming van die Universiteit van Pretoria, op Vlakfontein – die hedendaagse Mamelodi, waar die latere Vista-universiteit 'n kampus gevestig het.

Vandag worstel dié twee kampusse steeds met vraagstukke oor toegang en inlywing, wat ook aan die wortel sit van die laaste tyd se kampusonrus.

Dit dwing ons om weer te kyk na denk- en gedragspatrone wat moet verander om die Universiteit van Pretoria, waarby die Mamelodi-kampus nou ingelyf is, te vestig as die gehalte-universiteit wat hy vir seker wil wees.

Die drastiese veranderings in die institusionele omgewing van die UP is daar vir almal om te sien.

Maar net so belangrik is wat nié verander het nie en wat aandag moet kry: dié hardnekkige karakter van die institusionele kultuur, die muwwe patrone van akademiese en administratiewe gedrag en die siekte wat steeds rasseverhoudinge beduiwel.

Etlike faktore het die UP gedwing om vinniger en omvattender te verander as die ander histories Afrikaanse universiteite: sy ligging in die diplomatieke hoofstad van die kontinent, midde-in die stróminge van nasionale en globale kulture; die studentebasis, wat al hoe meer stedelik en kosmopolities geword het sodat meer as die helfte van die 40 000 studente nie Afrikaans is nie en die meeste studente hul onderrig in Engels verkies; en die teenwoordigheid, in die skadu van die Uniegebou, van die nasionale burokrasieë wat transformasie eis.

Met die eerste oogopslag lyk die Universiteit van Pretoria dus baie anders as die wit patriargale instelling van tien jaar gelede. Daar is verskeie swart mans in die instelling se senior bestuurspan, wat hoofsaaklik Engels op hul vergaderings gebruik. By vanjaar se openingsplegtighede is die Bybel en Christelike gebede vir die eerste keer nie aan die gehore opgedwing nie. Die dekane van twee fakulteite is vroue, en so ook die voorsitter van die universiteitsraad.

Maar die radikaalste veranderings is van die grondvlak af. Die opvallendste hiervan is in die laaste bastion van die ou institusionele kultuur – die koshuise – waar 'n stille revolusie onderweg is. En dis hier waar dit kan lol omdat juis hier die oue nog so opsigtelik teenwoordig is. Dit het ek self beleef toe ek verlede maand 'n mans- en later 'n vrouekoshuis toegespreek het.

Die eerstejaarmans het vir wat na 'n ewigheid gelyk het op militêre aandag gestaan terwyl hulle erg deur senior wit Afrikaner-leiers beledig is – om seker te maak hulle ken hul plek in hierdie institusionele kultuur van alpha-mans. Ek sê toe in my toespraak daar is 'n verskil tussen 'n universiteit en 'n tronk en moedig die mans aan om hierdie militêre sone deur oorspronklike en kreatiewe denke teen te werk. Waarop die studenteleier antwoord: "Menere, ek is 'n Afrikaner, en 'n Afrikaner is nie 'n Engelsman nie."

By die vrouekoshuis staan die eerstejaars op aandag in identiese klere en sê identiese mantras op oor die plek se kultuur, die aankondigings word in Afrikaans gedoen en hulle antwoord bedees: "Dankie, mej. Yolandie van der Merwe," voordat hulle in gelid uit die vertrek stap.

Dis ou Afrikaner-koshuiskultuur, ja, maar nou, in 2005, was albei die betrokke groepe studente duidelik divers wat ras, taal en godsdiens betref. Vir baie van hulle was die aand se militaristiese verrigtinge so bisar as wat dit anachronisties was en in albei koshuise was daar swart mense onder die leiers met nie-tradisionele, nie-Afrikaanse ervarings. Dis op dié punt dat die koshuiskultuur sal verander. Die kritieke massa is bereik waar die oorheersend Afrikaanse kultuur bepalend uitgedaag sal word deur 'n meer kosmopolitiese studentekultuur.

Dis pynlik om die ontwrigting vir tradisionele studente en hul leiers te aanskou. Tensy daar akademiese en koshuisleierskap is wat aan die tradisionele studenteleiers toon daar is ander maniere om koshuislojaliteit te bou, sal die Afrikaanse studente gestrand en ontnugter gelaat word.

In vele ander opsigte is die UP se ou kultuur, gedrag en simbolisme ook nog sigbaarder as verandering. Die hele akademiese senior bestuur is manlik; ses van die agt dekane is mans; meer wit mans as enige ander kategorie is sedert 1996 aangestel; die universiteitskore is grootliks (en vrywillig) gesegregeer wat ras en repertorium betref; die sosiale interaksie tussen personeellede en studente is nog afsonderlik; die kunste-, biblioteek- en museumversamelings is nog duidelik Europees, met net vlugtige tydelike uitstallings deur "ander". Die administrasie word gekenmerk deur 'n staatsdiensmentaliteit wat instemming bo konsensus stel, gesag bo logika, hiërargie bo demokrasie, dwang bo kompromis.

Dit is die ongetransformeerde UP, wat nuwe aankomelinge vervreemdend en antagoniserend ervaar – maar aan die pluskant het die universiteit 'n sterk bestuurskultuur. Albei faktore het implikasies vir die samesmelting met die Mamelodi-kampus.

Anders as die Mamelodi-kampus het die Pretoria-kampus (die ou UP) 'n sterk, voorspelbare en regverdige beleid vir wit en swart studente in finansiële nood – én vir studente wat druip. As jy slaag, maar geldprobleme het, sal die universiteit 'n plan maak, as jy druip en geldprobleme het, word jy verdere akademiese deelname geweier.

Maar soos baie ander swart universiteite het Vista, ook op sy Mamelodi-kampus, 'n bron van welsyn geword vir alle studente – druipelinge soveel as finansieel behoeftiges. Jaar ná jaar is toegegee aan die eise van druipelinge en wanbetalers. Wanneer hulle toegang geweier is, het betogings gevolg en die universiteit het toegegee.

Nou sit die UP met die probleem: die studente van die Mamelodi-kampus skop vas teen die idee dat akademiese prestasie saak maak wanneer besluit word wie finansieel gehelp moet word. Die studenteleiers eis toelating ongeag akademiese prestasie en die vermoë om te betaal.

Dis die UP se grootste krisis: as die universiteit politieke toegewings doen oor sy akademiese mandaat, het hy geen toekoms nie omdat dit eenvoudig 'n kampuskultuur sal inlyf en 'n siklus van studentegedrag sal oordra wat hom sal herhaal en deur die studente as 'n morele oorwinning beskou sal word.

Die studente toets die vasberadenheid van die universiteit om op al sy kampusse 'n sterk en ontoegeeflike model van akademiese meriete en missie in te stel.

Daarby word die UP kwesbaar gemaak deur die voortsetting van soveel aspekte van die universiteit se ou kultuur, in die koshuise en elders op die kampus, wat dit 'n broeiplek van ontevredenheid kan maak vir vervreemde swart studente.

Só het dit gekom dat die afgelope studentebetogings die ordelike, voorspelbare, bestendige UP tot in sy fondamente geruk het.

Dit het 'n ontstellende gesig gehad: aan die een kant het swart studente opgeruk en die kampus verniel. Aan die ander kant het, asof uit die niet, tweehonderd wit mans in kakie te voorskyn getree, in militêre formasie oor die kampus gemarsjeer en later *Die Stem* gesing.

Dit het bevestig: die rassegrondslag is nog nie bevredigend gehanteer nie.

Alles word vererger deurdat die UP se kampuspolitiek steeds georganiseer word langs partypolitieke strukture wat hul oorspong buite die kampus het. Wanneer VF Plus die SR-verkiesing wen, word die beeld van die UP na buite gedra as 'n plek waar harde wit konserwatiewe baas van die Tukkies-plaas bly.

Aan die wortel van alles is die vraag watter soort universiteit Pretoria wil wees. Ek glo hy moet aandring om 'n wêreldgehalte-navorsingsuniversiteit te wees, gebou op 'n kurrikulum en kultuur wat onbeskaamd globaal, inklusief en mede-

dingend is in sy oriëntasie teenoor die probleme van nasionale, streek- en kontinentale ontwikkeling.

Om dit te kan regkry, moet die universiteitsleiers eerstens die probleem oorkom van wit skuldgevoelens teenoor swart studente en moet die UP hom transformeer deur nét die belowendste en talentvolste swart studente in en buite Suid-Afrika te werf. Die UP kan nie weer net 'n vorm van Bantoe-onderwys toepas op enige van sy kampusse nie, want swart studente verdien dieselfde hoëgehalteonderwys as enige ander student. Akademiese prestasie en potensiaal as enigste grondslag vir finansiële en akademiese steun moet ononderhandelbaar wees.

Terselfdertyd moet die UP-leiers hul rasse-beskroomdheid teenoor wit studente afskud en sorg dat alle strukture en simbole dadelik afgebreek word wat rasseprovokasie en rasse-eksklusiwiteit laat voortduur. Dit beteken vele institusionele tradisies sal moet verdwyn en meer vooraanstaande swart en vroue-intellektuele en -leiers op elke vlak van die instelling moet vinniger aangestel word. Studenteorganisasies sal ontbind moet word waar hulle op grondslag van eksterne politieke partystrukture funksioneer sodat hulle meer inklusief kan word.

Hiervoor is geloofwaardige institusionele leierskap nodig. Dis vir my baie duidelik dat die oorweldigende meerderheid studente by die UP, wit en swart, gereed is vir reguit praat en onmiddellike optrede. Die meeste studente en ouers van alle kleure vra net onderrig van wêreldgehalte.

Dit is die gemeenskaplike grond waarop die toekoms van die universiteit kan berus – vir swart én wit studente.

**■ Jonathan Jansen is dekaan van opvoedkunde aan die UP en dié artikel is gegrond op 'n lesing wat hy in die universiteit se interdissiplinêre seminaarreeks gelewer het.**